GRAAD 7 EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE

Die vak Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe behels die doeltreffende en effektiewe gebruik van verskillende tipes private, publieke of kollektiewe hulpbronne om menslike behoeftes en begeertes te bevredig. Dit reflekteer krities op die impak van hulpbronbenutting op die omgewing en sy mense. Dit behels ook die effektiewe bestuur van skaars hulpbronne om wins te verhoog.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is 'n praktiese vak wat leerders toerus met werklike lewensvaardighede vir persoonlike ontwikkeling en die ontwikkeling van die gemeenskap. Die take opgelê behoort by te dra tot persoonlike ontwikkeling en behoort die idee van volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling van die gemeenskap te bevorder.

'n Oorsig van die inhoud rakende hierdie vak behels die volgende:

- Die behoeftes en begeertes van verskillende gemeenskappe in die samelewing;
- Die aard, prosesse en produksie van goedere en dienste, en besigheidsaktiwiteite binne die verskillende sektore;
- Finansiële bestuur, rekeningkunde as 'n werktuig vir die bestuur van 'n besigheid, en rekordhouding; • Entrepreneuriese vaardighede en kennis nodig om die self asook die omgewing effektief te bestuur;
- Basiese aspekte van leierskap en bestuur;
- Die rol van besparings in volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling;
- Die belangrikheid van volhoubare, effektiewe en doeltreffende gebruik van hulpbronne; en
- Funksionering van beide formele en informele